

**Die
Christendom
Gister
en
Vandag**

DEUR SENDELING EWALD FRANK

Voorwoord

Die doel van hierdie boekie is om die lesers stof tot nadenke te gee. Eintlik gaan dit om elkeen innerlik opmerkzaam te maak aangaande die hantering van hierdie onderwerp. Deur hul stilswye het baie hulself 'n groot skuld opgelaai. Daarteenoor, is daar diegene wat uitspraak lewer en skrywe oor hierdie dinge. Waar hulle afwyk van die algemene tendens, bring hulle hulself dan net in onguns. Niemand kan almal tevrede stel nie.

Die huidige generasie kan nie geblameer word dat die gebeure uit die verlede herhaaldelik verdraai en herhaaldelik verkeerd aangebied was nie. Daarom moet niemand persoonlik aangeval voel nie. Wanneer kerkhistorici foute uitwys, doen hulle dit nie om te kritiseer nie, maar vir die liefde van die waarheid. Dit is vir elke leser om die welmenende voorneme te erken en uit te reik na die helpende hand.

Ons glo dat alle geestelike leraars oortuig is oor hul leringe en hul handeling; dat almal angstig is om God se wil te doen. Maar niemand het dit voor oë gehou, dat 'n totale afwyking plaasgevind het vanaf die oorspronklike verkondiging nie. Vandag vind mens net leringe en tradisies wat geen Bybelse basis het nie.

Die geestelike oriëntasie het verlore gegaan en die massas is verlei. Ywer en toewyding vind jy in alle godsdienste, maar menslike inspanning is nie genoegsaam om ons onder God se genade te bring nie.

In hierdie kort inleiding word sekere onderwerpe slegs aangeraak of opsommend behandel. In ander publikasies gaan ons in detail met die basiese leringe en onderwerpe. Ook sal die huidige gebeure in die lig van bybelse profesieë verlig word.

Krefeld, Duitsland – 1985 (Duits)

Die Skrywer

Watter Godsdien Is Die Regte Een?

Ons wil hier net die belangrikste kwessies oor die onderwerp behandel. Eintlik behoort dit elke persoon te interesseer. Onverskilligheid kan dodelik wees. Almal weet dat daar verskillende godsdienste is. Maar daar moet gevra word: watter een is die ware? Elkeen maak aanspraak daarop dat syne die ware een is. Maar skeptisisme het verstaanbaar oral versprei aangaande dié aan geleentheid, soveel so, dat sommige mense wegdraai van die denominasies en niks met God te doen wil hê nie. In die algemeen word God en godsdien inderdaad beskou dat dit bymekaar hoort. Tog is daar mense wat in hul stilligheid weet dat daar iewers 'n lewende God is wie vir ons omgee. Maar hoe sal ons Hom vind te midde van al die verskeie godsdienste? Wie kan 'n definitiewe antwoord gee oor hierdie gewigtige vraag? Of is alles net bedrog? Is die Hindoes reg? Is die Moslems reg? Of die Boeddhiste? Het enige van die godsdienstigers al uit die dode opgestaan? Tot vandag toe het die mensdom nog net gehoor van die opstanding van Een. Al die ander is begrawe met hulle leerstellings.

Die waarheid kan net kom vanaf 'n Waaragtige. Het so een al ooit 'n godsdien gestig? As dit so is, wanneer, waar en watter een? Indien nie, dan het niemand die reg om hul op so een te beroep nie. Inderdaad maak elke mens foute. Daarom kan ons net so min vertrou op godsdienstigers en kerk-leiers soos op onself. Behalwe al die ander bekende wêreld-godsdienste, is daar in die Christendom alleen 'n paar honderd verskillende kerklike organisasies. Elkeen van hulle het hul eie spesiale leringe en bied hul volgelinge dan saligheid aan op hul eie manier. Daar word hier glad nie veronderstel dat enige godsdienstige instelling doelbewus mense mislei nie, maar die feit dat daar so baie geestelike strome is, dwing ons tot nadenke.

Elke persoon wat graag 'n doel wil bereik, moet self eers die weg begin. Maar hoe vind ons dan die pad wat ons veilig sal lei na die doel? Hoe kry ons die waarheid wat ons absoluut op kan staatmaak? Daar moet 'n manier wees hoe om die goddelike spoor te ontdek, te midde van die algehele menslike verwarring. Wie kan dit bekostig om blindelings te vertrou in 'n geloof in hierdie verligte tyd? Om iets voor te stel as goddelik is nie genoeg nie; dit vereis 'n legitimering van bo!

Elkeen moet gebruik maak van hul reg tot geestelike oriëntering. Dit gaan immers oor meer as net hierdie kort aardse lewe.

Ons is daartoe bestem om gemeenskap met die Hemelse Vader te het. Daar is nie net 'n tydelike nie, maar ook 'n ewige lewe. So seker as daar 'n fisiese liggaam is, is daar beslis ook 'n geestelike. So natuurlik soos die lewe op aarde is, net so natuurlik is die lewe in die hemel ook. Dieselfde God het die hemel en die aarde en alles wat daarin is geskep. Die majestueuse skepping lê 'n oorweldigende, kragtige getuienis af, van die Skepper.

Baie glo dat lidmaatskap aan 'n kerk of godsdienstige genootskap gekoppel is aan die saligheid. Hierdie veronderstelling word min of meer verteenwoordig in al die godsdienste. Maak almal leë beloftes?

As mens deur 'n begraafplaas loop, lees jy die gerusstellende inskripsies op die grafstene: "Hier rus in vrede ...", "Salig huis toe gegaan ...", "verseker in God ...". Met die doodsberigte in die koerante lees ons net die goeie "... aan die slaap geseën", "... deur God huis toe geroep", "voorsien met die laaste sakramente van die Rooms-Katolieke Kerk ...". 'n Mens kry die indruk dat almal wat sterf, by die HERE is. Maar hoe is dit in werklikheid? Het almal wat uit hierdie lewe vertrek 'n ware, persoonlike verhouding met Hom gehad?

Uit die begraafplaas kom ook die toeroepende trooswoorde aan die wat agterbly: "Dit het die HERE behaag, om broer / suster ... Sy Koninkryk heen te neem ...". In die begrafnisdiens word die roubeklaers dan gerus gestel, dat die oorledene in vagevuur is. Behalwe die feit dat hierdie term fiktiewelik is en nêrens in die Skrif genoem word nie, moet die vraag ernstig gevra word, wat is dan nou die eintlike werklikheid? Waar is die oorledene nou eintlik heen? Kan dit wees dat 'n mens van geboorte tot die dood 'n foutiewelike gerustheid het? Jou hele lewe lank word daar net seëninge oor jou uitgespreek; maar kom jy tot sterwe, het jy jou doel nie bereik nie, daar die vagevuur. Is godsdienste dan nie maar net 'n opium, wat mens slegs bedelm, totdat dit kom tot die verskriklike ontwaking?

Jaar in en jaar uit ontvang mense heilige sakramente, sonder om eintlik verlossing te kry. Van baba 'doop', verby die 'Aanneming' tot met die finale rituele om hulle voor te berei vir die hiernamaals. Na al die vele pogings bly die hartseer eind-resultaat: die oorledene is nie opgeneem nie maar die verderf in.

Niemand kan op hierdie gebied beter verklaar as dokters en verpleegsters nie, wat die dood van mense keer op keer ervaar. Die doodstryd tree in ongeag aan watter godsdienstige genootskap 'n persoon behoort. Die wanhoop van 'n sterwende persoon is oor die algemeen nie bekend nie. Van die geloofsversekerdheid en blydskap is daar nie die geringste spoor nie. Daar word aangeneem dat alles wat kerke vereis van 'n mens, God se vereistes is, maar dit is gewoonweg net dit: kerklike vereistes wat hulle afdwing op hulle lede.

Dit gaan hier om lewe en dood; elkeen sal moet 'n selfondersoek doen. Elke mens, ongeag ras of nasionaliteit, het die reg om die waarheid te leer oor God en oor hom/haarself. Elkeen wie nie onverskillig is oor hul ewige destinasie nie, het 'n plig om te vergelyk of dit wat hulle beoefen en geleer word, met die Bybel strook. Slegs dit wat van God af kom, lei terug na die HERE en kan voor Hom staan. Diegene wie sê: "Vir my is alles dieselfde, al kom ook die vloed!", is nie bewus waarvan hy praat nie. Die Bybel is eintlik die enigste boek op aarde wat ons vertrou met God en Sy doel maak. Dit bevat van die begin tot die einde bevestigde feite van en oor God.

Ons moet ons lewens en selfs ons dood ernstig opneem. Dit gaan nie daaroor om by die lewendes 'n vrees vir die dood aan te jaag nie. Inteendeel, ons wil hiermee die pad en die doel van die lewe aandui. Geloof en vertrou in God en Sy Woord moet herstel word ten alle koste. God is getrou en Sy Woord is bo alle twyfel verhewe. Mense word in alle godsdienste God-vresend gemaak maar terselfdertyd word ook 'n vertrou in die menslike, godsdienstige instellings ingeskerp. Ons taak is om vertrou in alle godsdienste te skud en om die geloofwaardigheid van God en Sy Woord weer te herstel.

Die Almagtige het 'n plan en 'n spesifieke toenadering vir die mensdom. Ongelukkig het mense hul eie planne aangeneem en binne die raamwerk van God se koninkryk, hul eie godsdienstige koninkryke opgerig. Die menslike en die Goddelike is in direkte teenstelling. As sulks moet die wie deel wil hê aan die ewige Raad van God, eers uit alle godsdienste, wat met verloop van tyd tot stand gekom het, uitkom.

Die almagtige God is tegelyk alwetend en het 'n plan met die mensdom daargestel, voor die grondlegging van die wêreld. Die tydelike onderbreking wat plaasgevind het in die begin, as gevolg van menslike foutering (deur ongehoorsaamheid en oortreding), kan

nie God se ewige doel ongedaan maak nie. Omdat die HERE vooraf alles geweet het, kon Hy dit in Sy plan inwerk. Die Woord van God is net so waar en onfeilbaar soos God self.

Die weg van God met die mensdom is duidelik in Sy Woord beskryf. Ongelukkig is dit deur godsdienstige oorlewering en tradisies verduister en onbegaanbaar gemaak. Selfs al is die dogmas honderde of duisende jare oud, bly dit wat dit is, naamlik, menslike leerstellings, oorgedra van geslag tot geslag en niks anders nie. Dit word nie outomaties reg en waar, bloot omdat dit uitgereik is deur 'n godsdienstige instelling nie. Die menslike sal nooit goddelik word nie en so kan die goddelike nooit menslik wees nie. Die waarheid en die leuen kanselleer mekaar uit. Ons het óf te doen met die waarheid óf met die leuen. Die oorsprong van alle waarheid is God; die outeur van elke leuen is Satan. 'n Perfekte leuen is 'n wanvoorstelling van die waarheid, en daarvan is die godsdienstige wêreld vol. Enige teorie of praktyk, wat nie ooreenstem met die Skrif nie, kan nooit 'n goddelike oorsprong het nie. Die Woord van God bevat die algehele getuienis wat die HERE aan die mensdom oorgedra het.

Die profete in die Ou Testament het die Messias se koms aangekondig en dus die verlossing van God; die apostels was ooggetuies van die vervulde profesies aangaande die Verlosser. Deur die prediking van die Evangelie, word die Goddelike genade-offer aangebied aan alle mense. 'n Deur God bevestigde werklikheid kan elkeen tog glo. Daar is 'n groot verskil tussen die vroeë G en vandag se Christendom. Alles wat in die vroeë kerk was, is afwesig in die huidige kerke, en alles wat in die hoofstroom Christendom vandag is, was nie in die vroeë kerke nie. 'n Vergelyking sal dit duidelik maak.

Die verkondiging van die Evangelie in die vroeë Christendom was skriftuurlik. Die apostels was deur die HERE self geleer en was onder die leiding van die Heilige Gees. Wie die eerste hoofstuk van die boek Handeling lees, sal 'n insig in die lewe van die vroeë Gemeente kry. 'n Oorvloed van Gees en van God se seën is in haar geopenbaar! Die eerste Christene was verenig in hart en siel; hulle het alles met mekaar gedeel en 'n groot familie van God gevorm. Die vroeë Gemeente was nie 'n rigiede organisasie nie, maar 'n lewende organisme. Onse HERE het gesê dat Hy self Sy gemeente sal bou, *“en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie”*. Hy is vandag nog daarmee besig.

Net soos God Homself geopenbaar het deur Christus, so openbaar God vir Christus deur Sy Gemeente. Groot wonders en tekens het gevolg. Ongelowiges het geglo, besetenes was bevry en die siekes was genees. Alles het ooreengestem met die Woord. Vir diegene wat gelowig geword het was die Woord van God steeds die geldige maatstaf. Hulle het hul vertrouwe geplaas in die HERE, in dit wat hulle in Sy bediening aanskou het, in Sy lyding en dood, en in wat hulle gesien het na Sy opstanding. In hulle was ontsag vir Hom, omdat hulle alles meegewe het en in Sy naam vergader het.

In die vroeë Christendom was daar apostels, profete, pastore, evangeliste en leraars (IKor. 12:28; Efé. 4:11). Hierdie bedieninge is deur God daargestel in Sy Gemeente. Dit is alles noodsaaklik vir geestelike opbou en vul mekaar aan. Daar was toe geen sprake van 'n pous, of kardinale, aartsbiskoppe, monnike of nonne nie. Al hierdie dinge wat vandag hoog aangeskryf is in die Christelike wêreld, het glad nie bestaan op daardie tydstip nie.

Volgens die wil van God was die Gemeente van die HERE oorspronklik bedoel as 'n goddelike instelling op aarde. Niemand het die reg om iets onbybels daarby te voeg nie. Dit bestaan uit mense met swak-hede en gebreke, uit begenadigde sondaars wat kinders van God geword het, maar hulle leringe en praktyke moet van begin tot einde ooreenstem met die Woord van God. Alles wat die beproewing van die Woord hier en nou nie kan staan nie, sal beslis ook nie bestand daarteen wees in die dag van die oordele van God nie. Daar is dus geen moontlikheid dat Bybel-gelowige mense vrylik-uitgevande en ingevoerde leerstellinge sal aanneem nie. Die geldige geloof is nie in 'n kategismus nie, maar slegs in die heilige Skrif.

Die apostels het ook met die totstandkoming van die "Regula Veritatis", wat aangebied was as apostoliese insettinge, niks te doen gehad nie. Elke Sondag sê miljoene in meeste denominasies in die wêreld die volgende daaruit op: "Ek glo in die Heilige Gees, die heilige, algemene kerk, die gemeenskap van die heiliges". Aan die einde daarvan staan: "... en aan die Heilige Gees, die Heilige Kerk, die vergifnis van sondes, die opstanding van die vlees. Amen". Hierdie weergawe kom nie eens uit die direkte post-apostoliese tydperk nie, maar was ontwerp kort na die Nicene Raad en in die daaropvolgende sinodes. Om dit gewig te gee, het dié sinodes hulle op 'n onregmatige wyse op die gesag van die apostels beroep.

Dieselfde is met die boek "Didache", wat eers in 1883 gevind is in 'n klooster, maar arbitrêr teruggedateer was tot aan die einde van die eerste eeu. Dit het niks in gemeen met die leringe van die twaalf apostels nie. Dit sê, byvoorbeeld, op bladsy 9: "Wanneer jy iets met die werke van jou eie hande verdien het, moet jy ook iets gee vir die vergifnis van jou sonde". Is dit die Evangelie? Die apostels het die een wat onse sondes vergewe het, persoonlik geken. Vandag sal hulle op elke punt presies dieselfde sê as tevore. Daarom is dit op skrif gestel sodat ons alles kan beproef. Wie voldoen vandag aan die instruksie: "Beproef alle dinge..."? God weerspreek homself nie. Sy besluite is volmaak. Alle skynbare weersprekinge is net in die gedagtes van die geleerdes, nie in Sy Woord nie.

Enige persoon wat nie deur 'n godsdienstige bril kyk nie, sal geskok wees oor al die afwykings wat plaasgevind het. Die oorspronklike geloofs-verklaringe is onherkenbaar verander, soveelso dat 'n heeltemal ander evangelie nou verkondig word.

Ons moet aanvaar dat alle mense goeie en opregte bedoelinge het, maar dit maak nie die verkeerde reg nie. Wanneer dit gaan oor kwessies van geloof en leerstellinge en die praktyke van die kerk, gaan dit nie oor hoe dit besluit was in 'n Raadsvergadering nie; ons moet dit toepas wat vir ons nagelaat was deur die vroeë Gemeente. Kerk kwessies en -probleme kan maar in die verskeie rade bespreek word, maar die onderrig en praktyke van Christus en dié van die apostels was lankal reeds bevestig. Op 18 April 1521 het Luther gesê by die sg. 'Reichtag zu Worms', oftewel 'Diet of Worms':

"Tensy ek oortuig is deur die getuienis van die Skrif of deur duidelike rede (want ek vertrou nie, hetsy in die pous of in rade alleen nie, aangesien dit bekend is dat hulle dikwels fouteer en hulself weerspreek), is ek gebind deur die Skrif wat ek aangehaal het en my gewete is geboei aan die Woord van God. Ek kan nie en sal niks herroep nie, want dit is nie veilig en nie reg om teen jou gewete te gaan nie. So help my God. Amen!"

Ons wil onself net met die ewig-geldige raadsplan van die Almagtige God met die mensdom bemoei en inteendeel ook net bydra tot begrips-duidelikheid daarvan. Daar is twee dinge wat fundamenteel heeltemal verskillend en apart van mekaar is. Een daarvan is die goddelike terrein, die ander, die menslike. Enigiemand wat verbind is tot God, glo wat God se Woord sê, ongeag wat besluit

word op kerkrade en in sinodes. Die Woord van God is nie onderworpe aan die veranderende tye nie; dit is finaal en vir ewig.

Dit moet duidelik aan elke mens wees, dat die Skrif die algehele, voltooid getuienis van God bevat. God het absoluut niks vergeet nie. Eers moes die Goddelike verlore laat gaan word, sodat die menslike in Sy plek gesit kon word. Alle besluite wat geneem is in die loop van die kerkgeskiedenis sal nooit 'n deel van die Goddelike nalatenskap wees nie, want hulle het nie behoort aan die oorspronklike leerstellings van Christus en die Apostels nie; dié is gegrond op die profetiese Woord.

Die ernstige aanmanings in die Ou en Nuwe Testament moet nie geïgnoreer of oor die hoof gesien word nie. Dit is geskryf: "*Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie...*" (Deut. 4:2). Later sê die HERE vir die skrifgeleerdes wat die interpretasies en tradisies gevolg het (en nie besef het wat Moses en die profete gesê het nie): "*Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af; Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is*" (Mark. 7: 6,7).

Selfs godsdienstige genootskappe het die Woord van God grootliks geïgnoreer en verstrik geraak in menslike leerstellinge. Daarby is daar nou meer godsdienste in werking as ooit tevore. Vir alle onbybelse verkondigings en handeling, is daar tog net een woord: "tevergeefs". Tevergeefs is al die gebede, al die godsdiens programme; tevergeefs al die gesange en rituele handeling; tevergeefs al die uitgerekte evangelisasie en kerklike aktiwiteite – alles wat nie geskied volgens die Woord van God in die koninkryk van God nie, kan ooit geldig is voor God nie. Watter van al die programme moet Hy erken? Met watter van die bewegings moet Hy kantkies?

Die HERE laat geen vermenging toe nie. Hy wil dat die suiwere saad van Sy Woord behou word in sy oorspronklike vorm en so gesaai word. Die godsdienstige leiers, wat waarskynlik hoë aansien geniet onder die mense, word vandag, nes destyds, baie skerp aangespreek met die woorde: "*Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en julle tradisionele insettinge te onderhou*" (Mark. 7:9). 'n Mens moet 'n ding eers eenkant sit, om 'n ander in sy plek daar te stel.

Die HERE self rig aan ons hierdie deurdringende waarskuwing: *"Elke woord van God is gelouter... Voeg by sy woorde niks by nie, sodat hy van jou nie rekenskap vorder, en jy as 'n leuenaar openbaar word nie"* (Spr. 30: 5,6). Wie ookal enigiets byvoeg by die beslote getuienis van die Skrif, die Ou of die Nuwe Testament, sal as leuenaars staan en deur God tot rekenskap en veroordeling gebring word. Sedert die Tuin van Eden het Satan, die ou leuenaar, sy invloed uitgeoefen onder die mense in dat hy die Woord van God anders vertolk het. Tot die einde toe, sal hy die Woord verdraai en so die mensdom verlei. Slegs diegene wat deur hom sien en sy invloed ontsnap, kan direk onder die goddelike invloed kom wat spruit uit die Woord van God alleen, deur die Gees.

Die Heilige Gees is die Gees van die waarheid, en die Woord van God alleen is die woord van die waarheid. In die laaste hoofstuk van die Bybel is die finale vermaning: *"As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God by hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad, en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is"* (Openb. 22: 18,19).

Niemand kan hierdie woorde ignoreer of ligsinnig opneem nie! Net soos vervul was wat die HERE God gesê het in die begin: *"...die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe!"*, so gewis sal ook hierdie woorde as waar bewys word. God bedoel wat Hy sê en sê wat Hy bedoel. Die Skrifte kan nie gebreek word nie. Al Sy besluite is onherroeplik en perfek.

Laaste Testament

Die apostel Paulus praat van 'n testament, 'n nalatenskap, 'n finale beskikking, wat, sodra dit bekragtig is, nie meer verander of toevoegings daartoe gemaak kan word nie (Gal. 3:15). Met die dood van ons HERE het die Nuwe Testament in werking getree. Hoe is dit dan dat mense dit durf waag om al die veranderinge te maak? In Hebreërs 9: 16,17 word daar ook verwys na sulke situasies: *"...waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; 'n testament is geldig by sterfgevalle"*.

Oor die boedel van 'n mens is daar dikwels konflik. Die moontlikheid is egter uitgesluit dat 'n laaste testament wat op skrif gelê is, verander sal word. Maar op 'n onbegryplike wyse is dit presies wat gebeur het met die goddelike testament. Enersyds beroep mense hulle op Christus en andersyds het hulle van Sy nalatenskap iets heeltemal anders gemaak. Wat God nagelaat het, is nie weer van krag nie en by Sy Woord is heeltemal vreemde idees gevoeg.

Elke kerklike genootskap het die reg om te glo en te doen wat hulle wil. Maar as enigeen aanspraak maak op die Gemeente van die lewende God en dat hulle die Kerk van Jesus Christus is, dan moet die Woord van God en die Testament van Christus in geheel aanvaar word, net soos dit nagelaat is. Waar is daar ruimte vir al die dogmas en tradisies wat in die loop van die kerkgeskiedenis bygevoeg was? Dit behoort glad nie in die nagelate Testament nie.

In die bewussyn van die mense is die idee reeds gevestig, dat die georganiseerde kerke goddelike instellings is wat leer en optree vir Christus hier op aarde. Maar wat is hulle in werklikheid? In die klein Kategismus lees ons, onder die tema "Die bevele van die Kerk": "Christus het die leiers van die kerk die reg gegee om gebooi te gee. Hy wil hê dat ons die gebooi van die Kerk uit liefde vir Hom moet hou". Waar en wanneer het Christus so 'n ding gesê? Die gebooi van God was lankal gegee en moet aan almal bekend wees. Ongelukkig het die mensdom die voorskrifte van die Kerk aangesien as God se gebooi en so in 'n dwaling gegaan.

In die tyd van Konstantyn was die wêreldse kerk reeds as die ware Kerk erken. In 313 n.C., begin hy met politieke maneuvers om beide die Christendom en die heidendom, vir sy doel te win. Op sy aandrang is die Nicene Raad toe byeengeroep.

Na 325 n.C. ondersteun hy beide die bou van kerke en heidense tempels. Onder sy bewind neem die sekulêre Christendom toe 'n vaste vorm aan, en so was 'n geestelike wêreld-mag tot stand gebring binne die Romeinse Ryk. Eusebius het hom gesien as die redder van 'n diepe nood. Dit kom na afloop van die grusame christen-vervolgings vanaf Nero tot Diocletianus, wat die mense toe weer laat asemhaal het.

In 380 n.C. was die algemene vryheid van godsdienste tot 'n einde gebring deur Theodosius en Gratian. Tot dan was daar verskeie geloofsgenootskappe wat bykomend tot die amptelik erkende

Christenskap bestaan het. Van toe af, het hulle die burgers gedwing met staatsgeweld om "Romeinse" Christene te wees. Hierdie proses was onder Justinianus (527-565 n.C.) voltooi. Die kerk is toe finaal erken as die staatskerk, met die priesters as staatsamptenare. Met die val van die heidense Romeinse wêreldryk kom die godsdienstige heerskappy van Rome toe tot stand. Daarmee begin die wrede Middeleeue; Dit was sowat 'n duisend jaar voor die uitbreek van die Reformasie. Met die outokrasie van staat en kerk, het die Kerk feitlik altyd die oorhand gekry. Dit het gelei tot die vervolging van alle ander gelowe. Hele volke is met geweld verchristelik. Miljoen was gemartel, onder hulle honderde duisende Jode, wat gebrandmerk was as "Christus-moordenaars" en "vyande van God". Die kerk het toe 'n politieke mags-faktor geword.

Selfs in die eerste twee eeue na Christus was daar alreeds fiktiewe leerstellings ingevoer. Maar in die derde eeu begin die algemene dwang-beoefening daarvan. Die toepassing van alle nuwe leerstellings en praktyke was bevorder. Die kruis en die teken van die kruis, die kerse en die wierook was ingestel. Meer en meer nuwe byvoegings het gekom: die verering van die heiliges, die daaglikse misdiens en vele ander dinge.

By die Raad van Éfesus, 431 n.C., het die toewyding aan Maria begin, toe sy gesien word as die "Moeder van God". Rondom die jaar 500 n.C. het die priesterskap begin uniform aantrek. Die fees ter ere van die maagd Maria, die soen van die pous se voet, die aanbidding van beelde en relieke, die verering van Josef, en die Vrydag vasdag, volg toe. Die selibaatskap van priesters was ingestel in die jaar 1079 n.C., daarna ook die Rosekrans, die verkoop van aflate (of toegewings), die lering oor die gedaanteverandering, sakramentsdag (Corpus Christi), ens., ens., tot met die verkondiging van die dogma van die liggaamlike Hemelvaart van Maria; selfs van 'n biegestoel (confessional) het niemand geweet in die tyd van die Apostels nie.

Die lys kan aangaan 'ad libitum'. Hier moet daar duidelik gesê word dat al hierdie dogmas niks in gemeen het met die eertydse Christendom en die leringe van die apostels nie. Met watter toestemming was dit alles ingestel? Basies al die oorspronklike leringe was verander en nog baie meer is bygevoeg, sodat daar niks is wat waar is nie.

Die HERE het, byvoorbeeld, gesê: *"En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie; want een is julle Vader, Hy wat in die hemel is"* (Matt. 23:9). Wie kan verstaan hoedat hierdie skrif geheel-en-al geïgnoreer word en die hele wêreld aan 'n man se voete val, hulde aan hom bring en hom vereer as "Heilige Vader"? Dít sê die HERE: *"...en Ek sal my eer aan geen ander gee nie!"* (Jes. 48:11). Jesus Christus het ons geleer om te bid: *"Onse Vader wat in die hemel is, laat U naam geheilig word..."*. Is dit nie godslasterlik om die Woord van God bloot te ignoreer en so 'n aanspreking toe te pas op 'n man nie? Wie is die Heilige Vader, wie se naam moet geheilig word? Is Hy in die hemel of op die aarde?

Waar in die vroeë Christendom word dit berig van Maria se verskynings? of van plekke van pelgrimstogte of aanbidding van heiliges? Inteendeel, die Bybel waarsku sterk teen kommunikasie met die afgestorwenes. Dit is 'n kwessie van spiritualisme en die okkulte. Selfs die 'beskermheiliges' (patron saints), is heeltemal onbybels, en wat meer is: dit is duidelik dat dié afgodery uit die heidendom afkomstig is.

Ook is daar in die Skrif nie die geringste aanduiding dat Maria 'n middelares tussen God en mens is nie. Dit is geskryf: *"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus"* (1Tim. 2:5). Dit geld ook vir haar rol as bemiddelaar. God se Woord stel dit heeltemal duidelik: *"...ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir die hele wêreld"* (1Joh. 2:1).

Ook berig die Skrif net van die Hemelvaart van Jesus Christus: *"En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem"* (Luk. 24:51). Nie 'n enkele apostel het iets geweet van 'n hemelvaart van Maria nie. Slegs in die jaar 1951 is die legende dat Maria in die hemel opgeneem was met liggaam en siel, 'n dogma gemaak. Daar is geen Bybelse grondslag daarvoor nie. Gebooe van mense het nog nie een mens saligheid gegee nie, maar weerhou wel miljoene mense daarvan.

Onbybelse Eise

In die Skrif is daar nie die geringste aanduiding van 'n gesaghebbende persoon wat aangewys was as die opvolger van Petrus nie. Daar is ook geen sprake van 'n plaasvervanger van Christus nie. Dit berig slegs van volgelinge van Jesus Christus. Dit is ook nêrens geskryf dat Petrus as die sigbare hoof van die Kerk aangestel was nie. Hoe kan 'n man veronderstel is om die hoof te wees, as Christus self die Hoof is?

Van Hom is geskrywe: *“En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die hoof van die liggaam, naamlik die gemeente ...”* (Kol 1: 17-18). Wie sal aanspraak maak om die hoof te wees en sodoende homself oor Christus verhef en die oordeel van die Woord in die gesig staar (2Thess. 2: 3-4)? 'n Bybel-gelowige Christen kan net die HERE en Verlosser as hoof van die Gemeente erken. Christus het nie 'n plaasvervanger, 'n “Vicarius filii Dei” aangestel nie; Hy het self Sy Gemeente verlos en voltooi dit ook self.

Dit is interessant om in die kerk-geskiedenis, die geestelike ontwikkeling na te slaan. Die legende, dat Petrus gewerk het as 'n biskop in Rome en daar begrawe is, kan nie histories bevestig word nie. Daar word slegs berig van 'n towenaar met die naam Simon Magus. Dié het so 'n indruk op die senaat en die mense in Rome gemaak, dat hulle hom 'n god verklaar het en 'n standbeeld opgerig het met die opskrif: “Simoni dea Sancto”.

Wat het so 'n storie te doen met die man van God, Simon Petrus, wie hoegenaamd glad nie Rome betree het nie? Ook hier kan ons net verwys na die Skrif. Volgens Galasiërs 2:9 het Petrus, Jakobus en Johannes aan die een kant, met Paulus en Barnabas ontmoet, aan die ander kant; met 'n handdruk was toe ooreen gekom dat Paulus en Barnabas effektief vir die nasies sou wees en Petrus, Jakobus en Johannes vir die Jode.

Paulus was die uitgesproke apostel vir die heidene, want dit is waartoe God hom bestem het: *“Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene”* (Hand. 22:21). Aan die kerk in Rome, skryf Paulus in Romeine 15, vers 28: *“...sal ek by julle langs na Spanje afreis”*. Die sending-reise van Paulus en ook dié na Rome, is duidelik beskryf. Hoekom is daar geen sprake van 'n enkele reis van Petrus daarheen nie? Paulus skryf uit Rome meeste van sy briewe aan die

Gemeentes en individue. Baie van diegene wat saam met hom was, was op hul name genoem, sonder dat Petrus 'n enkele keer genoem word. Wie kon dit veronderstel, dat daar so 'n moontlikheid was dat Petrus in Rome met hom gewerk het?

Terloops, dit is van minder belang waar 'n man van God was en gewerk het. Dit is bloot 'n kwessie van die ontbloting van 'n vroom fabel, waarop 'n groot instansie gebaseer is en wat hulle wil gebruik om hul leringe outoriteit te gee. Hier kan 'n mens net die woorde van Petrus homself gebruik om te antwoord: *"want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg ..."* (2Pet. 1:16).

Die Skrif berig ook niks van 'n apostoliese opvolging nie. Toe Leo die Grote in die jaar 440 n.C. as biskop van Rome verkies is, het hy beweer dat die Romeinse Bishop die voorrang het bo alle ander. Hý was die een wat die aandag gevestig het op Matt. 16:16. Hy verklaar homself plegtig as die persoonlike opvolger van Petrus. Op daardie tydstip het hierdie idee reeds keer op keer onder die "Nikolaïete" opgekom, maar dit was nog nie gekoppel aan 'n geestelike bediening nie. Dit was 'n tipe geloof wat veronderstel was om die verskil tussen die gemeente en die leiers te beklemtoon. Dit is heeltemal teen die Woord. Die verlore Gemeente vorm *"'n koninklike priesterdom"* (1Pet. 2:9).

Alle geskiedkundiges weet dat die toegewyde man van God Polycarpus (†155 n.C.), met Johannes was, die geliefde dissipel van Jesus, wat verban was na die eiland Patmos. Hy het die suiwer getuienis uit die mond van die apostel gehoor. Nie een keer in sy skrywes is daar selfs die geringste verwysing na enige van die idees wat later uitgevind was nie. Irenaeus (†202 n.C.), 'n boodskapper van Christus, was nog 'n geruime tyd saam met Polycarpus. Hy het ook niks gerapporteer van 'n opvolger van Petrus nie. Tot daardie tyd het die mense probeer om so na as moontlik aan die Woord van God te bly. Tertullianus (†220 n.C.) het gesê: "Aan die HERE, nie die kneg, behoort geregtigheid en oordeel".

Selfs by die Raad van Nicea was sulke idees deur die twee leiers, Athanasius en Arius, nooit genoem nie. Eers in die jaar 455 n.C. bevestig Keiser Valentinianus, die Roomse biskop, die kerklike heerskappy oor die hele Weste. Die hele mag van Rome het toe uitgegaan. Die beroemde kerk-leraar Augustinus van Hippo (354-430 n.C.) gee hierdie gedagte voorrang toe hy geskryf het oor die

"teokrasie". Vir hom was die Kerk die duisend-jarige Koninkryk. Hy het geleer van "die Kerk se Gesag". Waar dan is die outoriteit van die een wat gesê het: *"Aan MY is gegee alle mag in die hemel en op aarde!"* (Matt. 28:18)?

Hierdie onbybelse verwickelinge kan nie toegeskryf word aan die apostels in die vroeë Christendom nie. Soos reeds genoem, was daar by dié tyd reeds bedieninge wat deur die HERE ingestel was vir al die gemeentes. Elke plaaslike gemeente het verantwoordelike broeders gehad. Hulle was na verwys óf as *"ouderlinge"*, *"opsieners"* of *"biskoppe"*. In die brief aan die Filippense b.v., groet Paulus die gemeente van die HERE as heiliges en geliefdes, tesame met hul opsieners en diakens. Hierdie twee bedieninge behoort in die plaaslike gemeente. Dit was 'n Bybelse vereiste dat 'n man wat een van hierdie twee ampte beklee, getroud moes wees (1Tim. 3:3). Nie met een van die apostels of profete was daarop aangedring dat hy die man van een vrou moet wees nie, maar eerder met die diakens en opsieners. Slegs iemand wat self huweliks- en familie probleme ondervind, kan ander in die praktyk advies en hulp daarvoor gee.

Maar die Gees van God het selfs dán geopenbaar, soos Paulus gesê het, dat dit nie so sou voortduur nie, soos ons lees in 1Timothéüs 4: *"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word, en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang, (mislei) deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hul eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat mense hulle moet onthou van voedsel..."*. Waaraan dink mens as jy hierdie woorde lees? Dit het net so tot vervulling gekom.

'n Misverstand

Wie Matthéüs 16 vers 18 aandagtig lees, sal vind dat die HERE nie daar sê: "Jy is Petrus, en op jou sal Ek my gemeente bou" nie, maar: *"Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou"*. Dit is nie toelaatbaar om 'n enkele vers te neem en dit arbitrêr te interpreteer nie. Ten einde 'n duidelike antwoord te verkry, is dit nodig om dit in sy geheel-verband te lees.

In die Ou en Nuwe Testament word die HERE dikwels 'n Rots genoem, maar nie een keer word 'n man so genoem nie. Nadat Petrus die goddelike openbaring ontvang oor Christus moes hy 'n

paar minute later sy versuim en feilbaarheid erken. Slegs 'n paar verse later, sê die HERE vir dieselfde Petrus, "*Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense*" (Matt. 16:23). Dit moet almal tot nadenke stem wie hul eie idees oor die Woord van God wil gee. Alles wat nie ooreenstem met wat geskryf is nie is afkomstig van 'n valse inspirasie. Dieselfde woorde wat die HERE destyds aan Petrus toegeroep het, wie op daardie oomblik nie goddelik maar menslik gedink het, sê Hy vandag aan almal wat onder 'n valse inspirasie is.

Op geestelike gebied gaan dit nie oor goeie of verstandige idees nie, maar of ons God se ewige gedagtes verkondig, soos Hy dit duidelik in Sy Woord gemaak het. Daar is net twee bronne van inspirasie. 'n Mens trek óf van die een, óf van die ander. Satan het begin in die tuin van Eden om sy eie interpretasie van die Woord van God aan die eerste mense te gee. Eers het Eva dit gehoor en daarna ook Adam. So het al die ellende en verdriet begin op aarde. Dit moet duidelik wees aan almal dat Satan nooit met 'n verkondiging sal kom wat heeltemal apart van God en Sy Woord is nie. Dit sou te opvallend wees. Hy gebruik altyd die Woord van God, maar verdraai dit. Slegs deur die mense te laat vertrou dat hul geloof in God behoue is, kan hy hulle verlei. Daarom klink wat hy sê, altyd baie vroom.

Uit die versoeking van ons HERE sien ons dat die vyand bybelstellings gebruik, maar heeltemal uit verband geruk en verkeerd aangewend. Die HERE het elke keer vir hom gesê: "*Daar is óók geskrywe...*". Die beroep op die Skrif beteken dus niks, as dit nie in ooreenstemming met die algehele getuienis van die Skrif gebruik word nie. Hoewel die vyand altyd die bybel aanhaal, gebruik hy dit nooit in die oorspronklike konteks nie.

Die Sleutel

Die woorde: "*en Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee*", wat die HERE tot Petrus gerig het, is in direkte verband met sy roeping en sending. Toe die eerste gemeente byeën was op Pinksterdag, het Petrus vorentoe getree as die mondstuk van God. Gevul met die Heilige Gees het hy aan die byeengekomde skare in 'n

paar woorde die fundamentele waarhede van verlossing verkondig. Wat hy verkondig het is vir ewig bindend vir die Nuwe Testament gelowiges.

'n Sleutel simboliseer toegang tot iets. As iemand die sleutel van 'n paleis, 'n huis of 'n motor het, beteken dit hy het toegang daartoe; hy kan die geslote deure oopmaak en in gaan. As iemand die sleutels van die koninkryk van die hemele het, kan hy oopsluit en toegang het tot die koninkryk van God met al die skatte, met al die beloftes en al die gawes. Hy het eenvoudig vrye toegang tot alles wat God voorberei het. Die HERE wou hierdie feit op 'n spesiale manier beklemtoon deur wat Hy vir Petrus gesê het. Eerstens was die goddelike gesag profeties aan onse HERE besorg (Jes. 22:22). Later het Hy dit aan sy diensknegte, wie Hy persoonlik tot Sy diens geroep het, geskenk.

Verkeerdelik is ook die stelling in Mattheüs 18:18 uit verband geruk. Daar het die HERE nie net met Petrus gepraat nie, maar met die hele gemeente. Daarom sê Hy in die meerderheidsvorm, *"Voorwaar Ek sê vir julle; alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees"*. Waar hoor jy van geestelikes, wat in staat is om die magte van Satan te bind, wat duiwels uitdryf en die gebondes vrystel? Enigeen kan 'n sleutel in 'n kledingstuk rondra. Maar wie dra die goddelike gesag?

Ook die daarop volgende vers getuig duidelik dat die HERE die hele gemeente adresseer. Dit sê: *"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde"*. Hoe dit tot die besluit gekom het dat vers 18 slegs van toepassing is op die ampsdraers, is onverstaanbaar.

Die gelowiges vorm inderdaad die liggaam van Christus en is almal gelyk voor God. Paulus het aan die Gemeente in Rome geskryf: *"Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus, en elkeen afsonderlik lede van mekaar. En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is..."* (Rom. 12: 4-6). Hierdie gedagte brei Paulus, in sy eerste brief aan die Korinthiërs in hoofstuk 12 vers 4, meer deeglik uit: *"Daar is wel*

verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees...". Hy wys daarop dat ons deur die Heilige Gees as lede van die liggaam van die HERE saamgevoeg is. Vanaf vers 7 verduidelik Hy: "Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is". Dit is 'n ervaring. Dan gaan hy voort en noem die nege gawes van die lede van die liggaam van Jesus Christus: "...Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het" (1Kor. 12:18).

Apostoliese Gesag

Die apostels en almal wat werklik deur God gestuur was, was nie manne met wêreldse krag nie, maar het in goddelike gesag, in die krag van die Heilige Gees gewandel. Goddelike gesag word slegs uitgeoefen wanneer die verkondiging van die Woord van God geskied in opdrag van God en soos voorbehou deur God in Sy soewereiniteit. Hierdie magtiging beteken nie dat een mens oor die ander heers nie, maar dat almal buig onder die magtige hand van God. Dit is ook nie afhanklik van 'n bediening nie, maar onderworpe aan die alles-omvattende krag van die opgestane HERE.

Na Sy opstanding, het die HERE aan die aanwesige dissipels gesê: *"Vrede vir julle. Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook".* Dan volg: *"En nadat Hy dit gesê het blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle (nie: 'As jy') die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou".* (Joh. 20: 21-23). Hierdie teks is ook baie duidelik. Die HERE rig hierdie alomvattende opdrag net aan die manne wat Hy gekies het om deur die prediking van die Evangelie in Sy diens te staan. Wie kan vandag getuig dat hy of hulle geroep is deur die stem van die HERE en dat wat hulle doen Sy opdrag is? Op wie het die HERE waarlik Sy Gees geblaas soos in die begin? Wie is gemagtig om op te tree in Sy naam?

Was Petrus of Paulus gekies deur 'n paneel, of deur God? Daar was geen kardinale soos in die 11de eeu om te stem in 'n verkiesing nie. Daar was nie rook wat opgestyg het sodat die hele wêreld kan juig nie. In die vroeë Christendom het die manne van God ten volle begryp wat die HERE hulle beveel het. Hulle was onder die leiding

van die Heilige Gees. Alle geskrifte wat behoort aan 'n spesifieke onderwerp, het hulle korrek na sy gemene deler saamgebring.

Op die dag van Pinkster het die Heilige Gees met 'n geweldige rukwind, vergesel van goddelike vuur, soos gloeiende tonge neergedaal op alle aanwesiges. Gelouter deur die goddelike vuur, kon hulle soos met die Ou Testament profete die Woord uitspreek met die gesag van die Heilige Gees. Wat Petrus verkondig het in die eerste preek, word gepreek deur elkeen wat geroep is deur die HERE en gevul is met die Heilige Gees, tot met die laaste preek: *"Bekeer julle, en laat elkeen gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes!"* (Hand. 2:38). Aan diegene wat die HERE self gestuur het, het Hy gesê: *"Wie na julle luister, luister na My; en wie julle verwerp, verwerp My..."* (Luk. 10:16).

Vergifnis van Sondes

As die HERE vandag deur iemand praat, sal Hy dieselfde ding sê as twee duisend jaar gelede. Lukas 24:47 sê met verwysing na Christus: *"En bekering en vergifnis van sondes in Sy naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder"*. Die vergifnis van sonde is nie gekoppel aan 'n bediening nie, maar aan Jesus Christus, die gekruisigde. Slegs onder prediking kan die Gees van God in die hoorders die nodige berou bewerk en die insig gee om te bekeer, en so word die gelowiges vergifnis toegedeel. Dit is 'n persoonlike ervaring. Geen bediening kan dit bewerk nie.

In Romeine 10 wys Paulus daarop dat Bybelse geloof kom deur die prediking, die prediking van die Woord van God. Dit is belangrik dat daar nie sommer enige iets verkondig word nie, maar dat Christus en Sy Evangelie, gekoppel aan die volbragte verlossing, die kern van die prediking vorm.

Dit moet ons prikkel tot nadenke wanneer mense enersyds hul lewe lank geleer word, dat hul sondes verlos en vergewe word, maar andersyds van boetedoening. Die Woord van God sê die teenoorgestelde: *"Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak dié wat geheilig word"* (Heb. 10:14). Die Evangelie van Jesus Christus is goeie nuus, 'n boodskap van verlossing. Die profeet Jesaja het geprofeteer: *"Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom... Hy self sal kom en julle verlos"*.

(hoofstuk 35:4). Die apostel Paulus bevestig dit as volg: *"Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn"* (Tit. 2:11). Jesaja roep uit, *"... maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons misdade is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom"* (hoofstuk 53:5).

Wie die HERE as Verlosser ontvang, kan nie meer gestraf word nie, omdat Hy ons straf op Homself geneem het. Elkeen wat dit glo ontvang vergifnis van sondes en vrede met God. Paulus skryf: *"Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse HERE Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan"* (Rom. 5: 1,2).

Die apostel gaan voort om te skryf oor Christus: *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade"* (Efé. 1:7). Enigeen kan leer hoe in Kolossense 1, vanaf vers 14, die volledige verlossingswerk gekoppel is aan die Verlosser self. In Romeine 1:16 sê Paulus: *"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo..."*. Dit kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie, dat sulke geloof gebind is aan die Woord van God alleen. Jy kan nie enige iets leer wat jy wil, en dan nog jouself beroep op die naam van Christus nie. Geloof moet volgens die Skrif wees.

Daar is geen vertroosting deur enige ander manier nie; dit kom neer op wat die HERE self gesê het: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe"* (Joh. 5:24).

Hoe kan die vergifnis wat inderdaad 'n genade gawe van God is, afhanklik is van 'n kerklike handeling? Dit kom alleen deur die geloof van die individu wat die evangelie hoor en aanvaar. Dit is geskryf: *"Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe"* (Rom. 5:18).

Hoe kan 'n mens dan nog deur goeie werke te doen, sy eie saligheid bewerk? Enigiemand wat 'n hart het en kan goed doen, sal dit doen. Maar sy saligheid kan niemand so verdien. Toe onse HERE aan die kruis uitgeroep het: *"Dit is volbring"* en gesterf het, was onse

verlossing vir eens en vir altyd afgehandel. Paulus gaan voort in Romeine 5: *“Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word”* (vers 19).

Net soos ons gewis deur Adam in die verderf as dood gelaat is, weggeskeur en geskei van God, so seker is ons met God versoen deur Christus, verlos uit die put van die dood na die ewige lewe. God self het die skade weer goed gemaak. Enigiemand wat glo, word gered. Petrus getuig kortliks: *“...en die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie”* (Hand. 4:12). By hierdie eenvoudige en duidelike feite hoef niks meer bygevoeg te word nie.

Dit sou onwaardig van God wees as Hy ons ewige redding afhanklik gemaak het van die welwillendheid van ander. Die duidelike taak van 'n gemagtigde boodskapper van God is om vanuit die Skrif te preek dat op Golgota 'n groot dag van versoening van God met die mensdom plaasgevind het.

In hierdie konteks, word tydens die preek met goddelike gesag uitgeroep aan die hoorders: "Glo dat jou sondes vergewe is! Glo dat jou skuld afgelos is! Glo dat jou vonnis reeds gedra is!". Aan wie hierdie goddelike feit deur die Gees van God, gegrond in die Woord van God, verklaar word, ondergaan 'n gedaante verandering en word vir ewig begenadig. Elkeen moet dit egter vir hulself aanneem om die versekering van persoonlike verlossing te ontvang.

Nuwe Begin

Kort voor die uitbreek van die Hervorming, het die kerk-historiese ontwikkeling sy hoogtepunt bereik. Die gesamentlike uitoefening van mag van die staat en die kerk in daardie tyd is ondenkbaar. Andersdenkendes en sg. afvalliges was as kettters verdoem; hulle was beskuldig van dwaalleringe en op allerhande maniere om die lewe gebring. Hier dink ons aan die Spaanse Inkwisisie in die 15de eeu, die heksejag en brandstapels. Oor die baie menslike versakings, wil ons nie nou oor uitwei nie. Ons is net gemik op die geestelike ontaarding van die Christendom met die verloop van tyd.

Hierdie aarde is deurtrek met baie bloed. Een van die bekendste martelare voor die uitbreek van die Reformasie was Jan Hus († 1415). By die 'Raad van Constance' was sy stem vir die laaste keer gehoor, maar hy was afgeskree sodat dit niks kon doen nie. Terwyl hy gekniel het met sy oë na die hemel, hoor hy kalm die aankondiging van sy oordeel. Toe skreeu hy: " HERE Jesus, ek smeeek U ter wille van U barmhartigheid: Vergewe al my vyande". Die leiers van die Raad het net gelag, toe word hy gelei na die brandstapel.

Maar die Reformasie, wat 'n keerpunt in die geskiedenis van die Kerk ingelui het, kon nie meer gestop word nie. Die waarheid van die evangelie het met krag die weg gebaan. Martin Luther en andere het opgetree teen die misbruike wat deur die kerk goedgekeur en selfs ge-ondersteun is. Die bekende aflaat handelaar Tetzl was onder diegene wat God gelaster het met woorde en dade, deur sy prediking dat die pous die absolute reg het om die sondes van die lewendes en die dooies te vergewe, en dat die vergewing van die pous net so effektief is soos die kruis van Christus. Hy het beweer, onder andere, dat die pous selfs een wat die moeder van God verkrag, vergewe teen die prys van 'n aflaat. In eenvoudige taal beteken dit dat sou iemand die ergste misdaad pleeg, die pous alles kan vergewe en die ontslag verleen sodra die geld in die kis gegooi is.

Die kerk-geskiedenis berig die volgende: "Luther het gehoor van die afgryse artikels oor die monnike se skaamteloos preke, dat die krag van die aflate net soveel misdade soos die kruis van Christus kon afkoop; dat hulle in opdrag van die apostel Petrus optree en dat hulle met hul aflate meer siele verlos as Petrus met sy prediking". Ook: "wat Luther waargeneem het oor die praktiese gevolge van die aflaat-stelsel, het die stukrag vir die eerste hervorming verleen". Soos dit altyd die geval was is daar ook nou mense op die aarde wie God dien tot Sy heerlikheid en tot eer van Sy naam. Daar was boodskappers van God, wat nie net vir die geskiedenis van die Kerk belangrik en bekend was nie, maar wie as Sy dienaars, die heilsgeskiedenis van die koninkryk van God op aarde bevorder het.

Onder hulle was Martin Luther, Ulrich Zwingli, Philippus Melancthon, Johannes Calvyn, John Knox, en baie meer wat ten tye van die Reformasie geleef het. Na eeue, waarin die Skrif ontnem is van die mense, het manne van God begin om die Bybel te lees en te vertaal. Eers was die Bybel in veertien tale gedruk; in omtrent 1600 was daar

reeds veertig; rondom die jaar 1800, twee en sewentig en by die jaar 1900 was daar fyf-honderd-sewe-en-sestig vertalings. In 1950 word die mylpaal van een-duisend-een-honderd tale en dialekte behaal. Ten spyte van al die pogings om dit te vernietig het die Boek van God die grootste aantal uitgawes bereik en geniet die wydste verspreiding.

God het weer opnuut deur Sy Woord gespreek en die Bybelse waarhede het weer 'n lewende werklikheid geword in die persoonlike lewens van die gelowiges. Tog het hulle nie daar volstaan nie, maar hulle het dié groot en waardevol-gevonde boek gebring na ander mense ook. Die sukses van die hervormers het gelei tot die opposisie van die gevestigde 'geestelikes' wie ten alle koste die verspreiding van die Woord wou verhoed. Dit het desnieteenstaande tot gevolg gehad dat die blymoedige en bevrydende boodskap nog weier uitgekring het.

Gesien vanuit die kerk-historiese oogpunt, het elk van die betrokke manne 'n bestemde taak gehad om te vervul. Hulle het mekaar aangevul, deur die leringe wat elk in besonders beklemtoon het. Die Bybel is weer uitgelig as die enigste maatstaf vir die verkondiging van die Evangelie. Niemand sal dit vandag meer waag, om dinge so duidelik soos Luther by name te noem nie. Dit is opmerklik, aangesien dit die anti-Christendom ontbloot. Hy het nie skyn argumente gebruik nie, maar herhaaldelik homself beroep op die Heilige Skrif, in sover dit aan hom geopenbaar was. So het hy b.v. geskryf oor die einde van die Babiloniese ballingskap van die Kerk en die opheffing van geloofsregverdigheid, wat 'n persoon ontvang deur genade, in teenstelling met die lering dat mens geregverdig word deur sy werke, waarin geen saligheid is nie.

Vandag dink baie dat die Reformasie slegs nodig was as gevolg van die morele verval en dat eksterne omstandighede aanleiding gegee het daartoe. Alhoewel dit feitlik so was, moet hierdie siening verwerp word. Die Reformasie was nie net 'n morele toerusting nie, maar eerder 'n deurbraak na 'n geestelike vernuwing. 'n Nuwe begin was nodig. Die geestelike bevoogding moes vir ewig sy einde bereik om die dag van genade, die dag van heil, te verklaar. Maar nie almal was bereid om te glo, en dus die kant van God te neem nie. Nietemin was 'n deurbraak gemaak en die onbeperkte, universele mag van die Kerk, het begin verbrokkel.

Min blyk vandag te onthou of bewus te wees van die prys wat met die vrye verkondiging van die Woord van God betaal moes word. Die bloedige teen-reformasie veldtog het probeer om die Reformasie beweging in byna alle Europese lande te onderdruk. Veral bekend is die vervolging van Protestante in Nederland en die Hugenote in Frankryk, waar in die 'Nag van St. Bartholomeo', die bloed van duisende Protestante gevloei het in die strate van Parys.

Op daardie stadium het die Roomse kerk terselfdertyd geestelike en wêreldse mag uitgeoefen. In haar magsgebied het sy elke weermag tot haar beskikking gehad. Hierdie leërs het herhaaldelik ingegryp in die geestelike konflik. Waar die Reformasie veral sterk uitbreek het en gedreig het om vorentoe te druk, verskyn die kragtige weermag. Toe die geestelike stryd in Switserland in volle swang kom, toe word die weermag ook daar gemobiliseer. Die Reformasie moes gestop en terug gestoot word. In Zurich het die mense rondom Zwingli geskaar om hierdie aanval teen te staan. Hy self het in die voorste ry gestap en vir hulle gesê, "gee juisself oor aan God; Hy gee om vir ons en ons geliefdes. Laat God doen soos dit Hom behaag!". Toe gevegterry ontstaan, word hy met 'n klip getref en ook gewond met 'n spies. Terwyl hy tussen die dooies lê, vou hy sy hande en met sy oë na die hemel bid hy. Die kaptein van die Katolieke weermag sien dit, kom na hom en spoor hom toe aan om te bely. Zwingli verwerp dit met die woorde: "Die liggaam kan julle doodmaak, maar nie die siel nie", net voor hy die doodskoot kry.

In Duitsland was die Reformasie heeltemal verslaan deur die teen-reformasie. Die keurvors van Sakse, op die Protestante se kant, was deur koning Gustavus Adolphus van Swede met sy leer te hulp gesnel. Op 17 September 1632 was 'n belangrike slag gewen. Voor dit het die koning gebid met die volgende woorde: "God, die Almagtige, van U af is afkomstig die seges en nederlae, slaan U oë genadiglik op ons, U knegte, ons wat kom uit ver lande om te veg vir die vryheid en waarheid van U heilige Evangelie. Skenk ons die oorwinning vir u heilige Naam. Amen". Twee maande later, op 16 November 1632, sneuvel hy op Duitse bodem.

Dit kan onder geen omstandighede goedgekeur word dat sekulêre en militêre mag gebruik word vir die verdediging en uitbreiding van die evangelie nie. Maar ter wille van die waarheid moet dit gesê word, dat die Protestante gedwing was in hierdie situasie. Dit sou

ons te vêr weglei as ons moet uitbrei op die baie konflikte tydens die teen-reformasie, toe duisende hul lewens opgeoffer het.

In die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk word die stigter van die Jesuïete, Ignatius von Loyola, wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir die teen-reformasie, beskou as 'n held. Hulle het vir hom 'n reuse monument opgerig in St Peter's Basilica in Rome, met 'n monster wat by sy voete lê waarop die name "Luther" en "Calvyn" staan. Dit is bedoel om simbolies te verteenwoordig dat hy uitstaan as die oorwinnaar oor die "Protestantisme monster".

Hy is begrawe in die kerk "del Gesù" in Rome onder 'n altaar wat aan hom opgedra is, toegerus met prag en praal. Dan was daar ook gesimboliseer aan weerskante van sy kis, marmer monumente wat die "trionfantlike geloofsgroepe" uitbeeld en die "seëvierende godsdienst" verteenwoordig, onder wie se voete boeke en ketters is, waarop ook die twee name "Luther" en "Calvyn" verskyn. Hierdie twee monumente spreek vanself.

In Protestantse kringe bleik niemand vandag meer daaroor bekommerd te wees nie. Besiel met die gees van die tyd, gaan elkeen maar net aan met hul daaglikse roetine. Oral word daar gepraat van dialoog met 'n verlange na eenwording. Maar wat sou al die martelare en kampvegters van die hervorming sê oor die huidige opgee van die mees heilige waardes van die geloof en van die Evangelie? Maar aan die ander kant, is hierdie ontwikkelinge 'n vervulling van wat nou in die laaste dae moet gebeur.

Die Reformasie is duur voor betaal. Die hele doel daarvan kon dus nie bloot gewees het om ons net 'n nalatingskap van volkseie of gotiese kerke te gee, wat verskil van land tot land nie. Inteendeel, dit het die grondslag en beginpunt gevorm van die geestelike herlewing tot in ons tyd. As daar nie hierdie magtige begin gemaak was nie, sou die baie onafhanklike kerke en Christelike gemeentes nie bestaan het nie. Ons het te doen met 'n progressiewe reformasie, die doelstelling waarvan is die wederoprigting van die Gemeente van Jesus Christus.

Die uitbreek van die Reformasie was van heilsgeskiedkundige belang. Die Gees van God het lig en lewe in die dooie godsdienstige wêreld gebring. Die Woord is weer die middelpunt van die preek gemaak. Die internasionaal-bekende persoonlikhede het elk verskillen-

de leringe beklemtoon in hul tyd. As dit alles saamgevoeg word, sou die resultaat weer 'n harmonieuse geheel wees!

Maar nie al die waarhede was in die Reformasie geproklameer nie. Daar was ook aspekte van hul leringe, soos die Drie-eenheids lering en doop-formulier wat, alhoewel dit nie geanker is in die profeties-apostoliese getuienis nie, nie aangespreek was in die amptelike Reformasie beweging nie. Die Reformasie het 'n hewige Romeinse erfenis saamgebring, wat al die Protestantse en onafhanklike kerke vandag nog belas.

In die tweede ronde het John Wesley na vore getree met 'n groot aantal vurige herlewingspredikers. Hulle beklemtoon die tweede ervaring van die gelowig-gewordenes. Net soos in die Reformasie regverdiging alleen deur genade beklemtoon was, volbring deur geloof in die verlossingswerk van Christus, so het hierdie manne beklemtoon dat diegene wat uit die geloof geregverdig is, innerlik toegewyd is en 'n algehele oorgawe ervaar. Die Bybel verwys na hierdie ervaring as 'n "heiligmaking". Die regte eerbied vir God het 'n geloofsgehoorsaamheid tot gevolg. Die Gees van God dring dan net dieper tot die gelowiges deur. In hierdie tyd het die Metodiste kerk en verskeie ander geloofsrigtings na vore gekom wat op baie besondere wyse gegrond was op die getuienis van hierdie Bybelse waarhede; met ander leringe het hulle egter verskillende uitgangspunte gehad.

Daarna het John Smith gevolg, wie met die geseënde evangeliste die stryd toegetree het. Die doop van die gelowiges was verkondig sonder kompromie. Slegs diegene wat 'n persoonlike besluit gemaak het vir Christus en wie gereed was om Hom te volg, was gedoop deur onderdompeling. So het die "Baptist" kerke ontstaan en ook ander kleiner groeperings wat saamgestem het oor die doop; maar ook hulle het op hul beurt kognitief verskil in ander leringe.

In elke land het die geestelike ontwikkeling verskillende vorme aangeneem. Met die Protestante het die klem in die algemeen geval op die persoonlike ervaring van verlossing en die verwante versekering van verlossing. Bykomend tot die bekende geestelike strome was daar altyd kleiner bewegings wat wegbreek van die georganiseerdes en die klem op verskeie Bybelse waarhede plaas. Hier bekyk ons net die bewegings wat, ten spyte van hul verskillende leerstellings, die heil en redding van die siel alleenlik koppel aan Jesus Christus, wat openbaar word deur die genade van God.

Waar spesiale openbaringe verkondig word, waarop redding afhanklik gemaak word, gaan dit nie meer oor die voortsetting van die Bybelse vernuwing nie. Al die sektes van die moderne tyd is vir ons 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Verlossing is uitsluitlik afhanklik van die Verlosser; redding slegs deur die een wat redding gebring het; vergifnis slegs deur die een wat dit aan ons gegee het; beslis nie deur 'n self-geproklameerde guru of leier nie.

Herhaaldelik het die manne van God die ou Bybelse waarhede nuut verkondig, en so die apostoliese getuienis nader gebring. Met die begin van hierdie eeu het die algemene vernuwing gekom. Wat die individue tot dan ervaar het, was wat die gelowiges ervaar het oor die hele wêreld. Almal wat honger en dors gehad het na geregtigheid is geestelik gevoed en het geestelik gedrink. Oral het die Gees van God op 'n soortgelyke wyse as in die vroeë Christendom gewerk. Die geesge vuldes het dieselfde regverdiging en heiligmaking ervaar as voorheen. Hierdie skielik-ontstaande beweging het geen stigter. God het self gewerk op elke vasteland. Dieselfde getuienis is gehoor in Rusland en China, in Amerika en Europa. God-gelowige manne het daardeur na vore gekom.

In Augustus 1906 het Dr. R A Torrey na Duitsland gekom vir die jaarlikse konferensie van die Evangeliese Alliansie in Blankenburg, Thuringia, en gepraat oor die tema: "Die doping met die Heilige Gees". Baie was diep geraak, onder andere, Luitenant-Generaal von Viehbahn. In 1907 versamel die leidende broeders van die kerke by die konferensie-week. Die onderwerp was: "Het die eerste Christelike Kerk die Heilige Gees bedroef?" Na 'n lang bespreking het Pastoor Stockmeier opgestaan en uitgeroep soos 'n profeet: "Broers, ons stry oor die vraag of die eerste Christene die Heilige Gees bedroef het of nie, maar ek wil nou die veel belangriker vraag hier aan ons almal vra: Het óns die Heilige Gees bedroef?". Dit het soos weerlig getref en een vir een het hulle die knieg gebuig voor God.

Dwarsdeur die wêreld, ervaar talle 'n genadige stille besoeking van God. Sonder die twee "profete" van Oslo, sou die ontnugterende misbruik van geestelike gawes in Kassel nie bekend geword het nie. Hierdie ontwikkeling waarna verwys was as die Pinksterbeweging, het verskillende geloofsrigtings gehad. Waar Baptiste-predikers die Heilige Gees erken het, het hulle net diegene gedoop wat geglo het – wat verstaanbaar is. Toe die Lutherse predikante aangeraak was

deur die Gees van God, het hulle steeds die bekende baba-besprinkeling voortgesit. Steeds was daar geen duidelike algehele deurbraak na die oorspronklike Christendom nie; maar 'n begin was nitemin gemaak. Verskeie onbybelse leringe was onbeproof aange neem en gaan voort tot vandag nog.

In Mei 1946, net na die Tweede Wêreldoorlog, tree daar toe 'n Baptiste-prediker na vore, William Branham, wie, soos Paulus, 'n buitengewone roeping gehad het. Met sy eerste evangelisasie veldtog het hy, vergesel van omtrent vier duisend mense, sowat 500 gelowig-gewordenes gedoop in die Ohio rivier, in die V.S.A. Net toe hy die sewentiende persoon wou doop, het iets besonder gebeur. 'n Buitengewoon helder lig breek toe deur die wolke en skyn op die jong gesant van God. Vanuit hierdie bonatuurlike pilaar van vuur kom toe 'n kragtige stem wat sê: "Soos Johannes die Doper voor die eerste koms van Christus uitgestuur was, word jy met 'n Boodskap die tweede koms van Christus vooruit gestuur". Dit het gebeur op 11 Junie 1933, omtrent 14h00 in die middag. So 'n magtige roeping moet nood-gedwonge gevolg word deur 'n buitengewone bediening.

Daar kan gepraat word van 'n opdrag van heilsgeskiedkundige betekenis. Die Tweede Wêreldoorlog, waaraan sowat vyftig lande deelgeneem het, het meer as 50 miljoen slagoffers geëis en onsagtende lyding meegebring aan miljoene ontwortelde mense, met pyn en hartseer oral. Op daardie stadium, in Mei 1946, het niemand al ooit gehoor van 'n Billy Graham, Oral Roberts, of een van die later bekend-geworde evangeliste nie. Die apostoliese gevolmagtigde bediening van Branham was 'n inspirasie vir honderde predikers. Hoewel nie een van hulle 'n direkte roeping en missie soos dit ontvang het nie, het hulle nogtans hul deel bygedra om te verseker dat die evangelie aan hierdie geslag verkondig word. Miljoene het letterlik die volle evangelie gehoor in veldtogte wat oor die radio en televisie uitgesaai was.

Vanaf 1945 tot 1949 het 'n beslissende deurbraak plaasgevind. Deur hierdie aanvanklike verkondiging was die massas bereik. Die pinkster kerke het hul deure oopgegooi en het 'n groot toeloop ondervind. Besoekersgetalle was gou verby 10,000. Die grootste stadions, sportgronde en renbane was gebruik om die meer as 500,000 massas in Indië en Suid-Afrika te bereik. Soos die greep van 'n vloedgolf begin evangeliste met hul eie veldtogte toe daarna.

Met die verloop van tegnologiese vooruitgang, het die herlewing versprei soos nog nooit tevore nie. Met dit het ook die verskillende lerings-strominge voortgevloei. Die “International Full Gospel Business Men’s Fellowship” en die charismatiese beweging het hul oorsprong direk of indirek daaruit. Elkeen van hierdie geestelike bewegings het hul eie kenmerke gehad en het elk hul luisteraars-nis bereik. Die charismatiese beweging het selfs die Rooms-Katolieke Kerk binnegedring, sowel as al die formele en onafhanklike kerke.

In elk geval, dit is nou die werking van die Gees wat die hele godsdienstige wêreld aangryp. Ten einde moet die oorspronklike verkondiging in geregtigheid geskied. Ervaringe is goed en geestelike gawes kan 'n seëning wees, maar dit is net daar, waar die Woord verkondig word in der waarheid, waar die goddelike saad opgeneem word; net daar kan die Gees van God waarlik nuwe lewe voortbring.

Die Gees val volgens die belofte van die profeet Joël op alle vlees. Dit kan vergelyk word met die reën. Maar alvorens die saad van die Woord nie gesaai is in die hart nie, dan is selfs 'n wolkbreuk nutteloos; die mense word net nat, sonder dat iets blywends voorkom. Dit is die punt waarom alles draai. In die begin was die Woord en nie die interpretasie nie, en dit moet so wees tot aan die einde. Dit is belangrik dat mens die suiwer Woord van God as 'n goddelike saad in sy siel opneem. Eers dan sal die Heilige Gees in staat wees om 'n goddelike lewe voort te bring. So word 'n mens wéér gebore (Joh. 3; Jak. 1:18; 1 Petr. 1:23).

Ons vind die beste voorbeeld hiervan in die begin van die Nuwe Testament. Vierduisend jaar lank wag die mens vir die koms van die Messias. Toe die tyd uiteindelik aanbreek, kom die Woord van die belofte aan Maria. Sy neem dit aan, glo dit en die Heilige Gees oorskadu haar. So het die Woord vlees geword in menslike vorm. Op dieselfde wyse moet ons die belofte van God se Woord, wat bedoel is vir ons, aanneem. Slegs dan kan die Heilige Gees in ons 'n werklikheid word. In die Bergpredikasie het die HERE gesê: “...want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges” (Matt. 5:45). In dieselfde veld is koring en onkruid; beide ontvang dieselfde reën en word bestral deur dieselfde son. Dieselfde reën besproei die verskillende sade. In

Hebreërs 6: 7-8 vind ons 'n verwysing na dieselfde gedagte. Elke saad bring voort van sy eie soort.

Om jou te beroep op die Heilige Gees is nie genoegsaam om die koninkryk van God in te gaan nie. In Matthéüs 7 het die HERE aan diegene gesê wat bedieninge met kragtige gawes gehad het: *"Ek het julle nooit geken nie"*. Beide die Woord en die Gees hoort saam. Die Woord-saad moet gesaai word en deur die Gees in almal lewend gemaak word. Dis die enigste manier hoe 'n Bybelse Gemeente geskep kan word, wanneer dit bereid is om gelei te word, in alle waarheid, deur die Gees van God. Eerstens moet die bybelse leringe, die Woord-saad, in die hart gesaai word; slegs daarna, kan die oes ingesamel word.

Ons het getoon dat afwykings plaasgevind het in die loop van die kerk-geskiedenis en ook getoon dat, deur die Reformasie, daar 'n terugkeer na die geestelike ontwikkeling van die vroeë Christendom plaasgevind het. Daarby getuig baie hoe gelukkig hulle is om die Heilige Gees te ontvang. Maar tog word daar oral ook kompromieë gemaak; almal glo net wat hulle wil glo, en wat hulle nie wil glo nie, skuif hulle eenvoudig opsy. Die Heilige Gees is die Gees van waarheid en sal nooit vereenselwig word met die oorgedragte onwaarhede nie. Daar moet noodwendig 'n totale terugkeer gemaak word na die oorspronklike Woord. Maar eers moet dit geopenbaar word hoe die verkeerde ontwikkel plaasgevind het; daarna moet 'n koers-korreksie plaasvind. Die tyd van beslissing het nou aangebreek vir die hele godsdienstige wêreld. Sommige sal terugkeer na die moederskoot van hul ou kerke, ander sal die vervulling van die beloftes van die Woord beleef as die klein, uitgeroepde kudde.

Almal wat in hul verkondiging, idees oorgehou het wat afkomstig is van die Kerk van Rome, sal terugkeer na dit. As 'n mens mooi kyk sal jy sien dat die geestelike verbinding nooit heeltemal verbreek was sedert die tyd van die Reformasie nie. Daar was net 'n paar wat die oproep van God gevolg het, geglo het in die Bybelse waarhede en konsekwent die onbybelse valshede verwerp het. Soos ons sal sien, het daar leringe gebly wat nie saamval met die Bybel nie, ten spyte selfs van die onafhanklikheid van al die Protestantse kerke.

Dit is ook merkwaardig hoedat sedert die Tweede Wêreldoorlog, daar 'n begeerte ontstaan het vir eenheid en vrede. Historiese

vyande het vriende geword het. Dieselfde geld vir die nasies en kerke. Aan die een kant het ons die politieke eenwording, die Verenigde Nasies – waarvan die stigters-handves op 24 Oktober 1945 in San Francisco deur 50 nasies onderteken is – aan die ander kant, die Wêreldraad van Kerke, wat gestig is in 1948 in Amsterdam. Byna al die nasies, tans 150, behoort aan die Verenigde Nasies en byna al die Christelike kerke is lede van die Wêreldraad van Kerke. Ons aandag is gevestig op die godsdienstige ontwikkeling. In 1948 het 135 protestantse denominasies aangesluit by die Wêreldraad van Kerke; in 1968 was daar reeds 234, nou is daar ongeveer drie honderd lede.

Aanvanklik was die Wêreldraad van Kerke, wat 'n Protestantse vereniging was, nie erken deur die Vatikaan nie. In 1960 stig Pous Johannes XXIII die "Sekretariaat vir die Bevordering van Christelike eenheid", in Rome. Gedurende die Tweede Vatikaanse Raad (1962-1965), word die dekreet uitgevaardig oor ekumenisme. Die eerste amptelike kontak het plaasgevind by die konferensie van die Wêreldraad van Kerke in Julie 1968 in Uppsala, Swede, toe 15 afgevaardigdes van die Vatikaan deelgeneem het as waarnemers. In Junie 1969 besoek Pous Paulus VI die hoofkwartier van die Wêreldraad van Kerke in Genève. In 1984 besoek Pous Johannes Paulus II ook die Wêreldraad van Kerke, toe hy opreis was deur Switzerland.

Dit was sekerlik al opmerkzaam by sommige, dat die Protestante vir 'n lang tyd al nie meer protesteer nie. Wie wil nog steeds 'n geestelike stryd voer vandag? Selfs onafhanklike kerke, wat vyftig, veertig of dertig jaar gelede verwerp was, geniet in die tussentyd algemene erkenning. Die meeste is openbare genootskappe, wie se verteenwoordigers by die konferensie tafels sit. Wat ontbreek nog? Die woord "eenheid" het 'n magiese betekenis ingeneem; die woord "vrede" is 'n top prioriteit oral; die term "sekuriteit" is die begeerte van almal. So word die gemoedere gesus.

Martin Luther sou waarskynlik nou dieselfde sê as destyds: "Vervloek is die eenheid wat kom ten koste van die waarheid!". Wie een is met Christus, is een met Sy Woord. Wie met die Antichris saamstem, verenig met hom. Dink aan die woorde van die HERE: "... *elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor...*". Die uur van waarheid het aangebreek, en almal is gedwing om 'n besluit te neem. Die bree massas word toegejuig deur die Antichris, sonder dat hulle bewus is

daarvan. Slegs 'n klein groepie van die ware gelowige mense sal bly in Christus en Sy Woord. Hulle is dié wie die oproep gehoor gee om uit die Babilon van godsdienstige verwarring te kom en hulself afsonder. Die kerk organisasies as sulks sal nie dié oproep ernstig opneem nie, maar eerder net diegene wie daaraan behoort en verlig word deur die Gees van God.

In die Christelike Weste is vele inderdaad Christene. Ons sien Christelike maatskappye, Christelike partye, vakbonde, verenigings, alles met 'n tradisie-ryke Christelike kultuur. Daar moet gevra word of Christus nie verwar word met die Antichris en God met die duivel nie. "Anti" beteken "teen"; dit wat strydig is met Christus en Sy leringe, is eintlik anti-Christelik. Wie kan nog onderskei tussen godsdienste en afgodery; tussen geloof en bygeloof?

Diegene wie toegewyd is aan die Woord van God, slaan ag op die gonswoorde: "vrede en veiligheid", want die waarskuwing staan werklik geskrywe: *"... wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid - dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie!"* (1Thess. 5:3). Alles pas in die voorspelde einde van die eind-tyd. Hoe ver die tyd gevorder het, weet die politici goed. Die president van die Verenigde State het, byvoorbeeld, op 20 Januarie 1985 gesê: "Ek vrees dat ons Armageddon binnekort gaan ervaar". Daarmee bedoel hy die laaste groot oorlogstryd (Openb. 16: 12-16). Nie te lank gelede het ook 'n voor-aanstaande Senator gesê: "Ons is die eerste generasie wat weet dat dit die laaste dae is". Almal wat 'n rol te speel het, betree nou die wêreld-verhoog.

Hierdie geslag sal aan die einde, 'n groot "wonderwerk" ervaar – 'n verrassing, want dit wat kom was nog nooit nie en sal ook nie herhaal word nie. Politieke, ekonomiese en godsdienstige mag sal aan die hoof van die wêreld – wie ook die antichris en die valse profeet genoem word – beskikbaar gestel word vir 'n kort tyd. Die Ooste en Weste sal die diens van dié bemiddelaar gebruik wat dan sy seën op vrede sal verklaar. Die laaste wêreld-mag sal die verenigde Europa wees, geskoei op die ou Romeinse Ryk. Bybelse profesieë sal binnekort 'n hoogtepunt bereik.

Deur die vrees van die totale uitwissing aan beide kante, is daar die gedwonge pogings om vrede en ontwapeningsgesprekke. Terselfdertyd word daar voortgegaan met bewapening op volle spoed.

Dit word selfs oorweeg om die buitenste ruimte in toekomstige oorlogvoering te gebruik. Soos in die massa media opgelet was, was daar vanaf 21-24 Januarie 1985 by die Vatikaan 'n konferensie gehou oor die "Star Wars" planne van die Amerikaanse president. Die Sowjet-wetenskaplikes het ook gedeeltelik deelgeneem. Dit alles gebeur omdat die tyd reg is. In 2 Petrus 3 verwys die apostel na die einde van die tye en skryf op daardie tydstip: "Maar die teenwoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die dag van oordeel en verderf van die goddelose mense ... maar die Dag van die HERE sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand ... maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon".

Die globale ekonomiese en algehele situasie noop almal om saam te werk. Almal wil oorleef en daarom moet almal saamwerk. Wie in hierdie finale wêreld-orde nie insmelt nie, word geboikot en afgesny van internasionale handel. So word dan vervul wat geskryf is, dat jy nie sal kan koop of verkoop nie (Openb. 13:17). Ongeag van ideologie of sosiale orde sal al die nasies buig voor die laaste wêreld-orde. Wie dan nie gehoor sal gee nie, sal geen kans op oorlewing het nie. Sonder dat die wêreld bewus is, gaan die hele situasie lei tot die finale apokaliptiese rondte. Ons bevind ons reeds in die middel van die vervulling van eindtydse profesieë.

Die huidige verwickelinge moet gesien word uit 'n profetiese oogpunt, omdat die tekens van die tye 'n duidelike taal praat. Dit is nie verwaand om te sê: Wie die Bybel regtig ken, ken die toekoms. Die mens het lank genoeg gesê wat die Woord sê – dit is hoogtyd dat God Sy sê sê.

Erkennings:

Encyclopaedia Britannica

HAUSS, F.: Väter der Christenheit

HERZOG, Dr. J. J.: Abriß der Kirchengeschichte

HISLOP, A.: The Two Babylons

KING, L. J.: House of Death

KÖSEL VERLAG: Grundriß des Glaubens

LILJE, Dr. Dr. H.: Die Lehre der zwölf Apostel

OEHNINGER, F.: Geschichte des Christentums

PATMOS-VERLAG: Kleiner katholischer Katechismus

ROGGE, B.: Das Evangelium in der Verfolgung

SCHMIDT, K. D.: Grundriß der Kirchengeschichte

STANDRIDGE, W. C.: What's happening in the Roman Church?

STEINER, L.: Mit folgenden Zeichen

WOODROW, R.: Babylon, Mystery, Religion

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal. Wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd, kan ons gerus kontak by enige van die onder-genoemde kontakpunte.

Ander beskikbare boekies sluit in:

GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM

DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK

DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS

DAAR IS GESKRYWE

'N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA

'N MAN VAN GOD GESTUUR

DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS

DIE ANTICHRIS

Dit is alles gratis bekombaar, en vele ander onderwerpe in Engels, by die ondervermelde plaaslike adres. Van dit kan ook verkry word onder andere in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies en Roemeens, direk by:

Sendeling Ewald Frank
Posbus 100707
D-47707 Krefeld
Duitsland

Webwerf: <http://www.freie-volksmission.de>
E-pos: volksmission@gmx.de

Ons Plaaslike Kontakpunte: